| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: / Case number: **CA&R 70/07**
Datum verhoor: / Date heard: **29/10/2007**
Datum gelewer: / Date delivered: **02/11/2007**

In die appËl:
[2.1]

**SEHAKO, MOSIMANEGAPE** Appellant

teen

**[2.2] DIE STAAT**

**Respondent**

(i)
*(ii)Coram: Lacock R et Mokgohloa WnR*

## [2.3] UITSPRAAK OP APPÈL

**(a)LACOCK R:**

1] Die appellant is in die Streekhof skuldig bevind aan strafbare manslag deurdat hy na bewering op 17 November 2005 ene Thomas Sehako nalatiglik gedood het. Hy is gevonnis tot 6 jaar gevangenisstraf.

Met verlof van die Verhoorhof appelleer die appellant nou slegs teen sy skuldigbevinding.

2] Die Streekhoflanddros het die appellant primÍr skuldig bevind op die getuienis van ‘n enkel getuie, te wete die 17-jarige Boitumelo Mothibi. Die essensie van haar getuienis kan as volg saamgevat word:

**[2.1] Die oorledene was ‘n oom van die beskuldigde, en beide van hulle het in dieselfde huis gewoon. Die getuie het gewoon in die tweede huis vanaf die huis waar die appellant en die oorledene gewoon het in dieselfde straat.**

[22] Terwyl sy ‘n tuinslang in hul erf opgerol het, het die appellant voor die huis verby gestap en gesÍ, *“julle gaan ‘n ‘movie’ sien”*. Die appellant het by ‘n taverne ingegaan, en na ‘n ruk weer te voorskyn gekom. Sy sien toe dat die oorledene en die appellant met mekaar stry in die erf van die woning waar hulle twee gebly het. Terwyl hulle so gestry het, het die appellant weer gesÍ, *“vanaand sien julle ‘n f… ‘movie’”*. Die appellant stoot toe die oorledene weg en steek hom het ‘n voorwerp in die bors.

Die oorledene het op sy gesig geval en is daar op die

toneel dood.

[23] Dit is gemeensaak dat die oorledene beswyk het aan ’n enkele steekwond in die linkerbors wat die linker long en die linker ventrikel van die hart penetreer het.

3] Die appellant het ontken dat hy ‘n voorwerp te voorskyn gehaal het waarmee hy die oorledene gesteek het. Hy het beweer dat, terwyl hy en die oorledene gestry het oor die voortsetting van sy verblyf in hul woning, die oorledene ‘n mes uitgetrek het waarmee hy (die oorledene) vir hom (die appellant) wou steek. Hy het toe die hand van die oorledene waarin die mes was vas gegryp en het beide van hulle in die daaropvolgende gestoei, op die grond geval. In die proses moes die mes die borskas van die oorledene gepenetreer het.

Hierdie weergawe van die appellant is deur die Landdros as nie redelik moontlik waar nie verwerp. Mnr Van Tonder namens die appellant betoog dat die Landdros hieraangaande fouteer het.

4] Na my mening is daar geen gronde vir inmenging in die bevinding van die Landdros nie.

[41] Die Landdros het bevind dat mej. Mothibi ‘n uitstekende getuie was. Mnr. Van Tonder betoog nie tot die teendeel nie, en geen rede doen hom voor om hiervan te verskil nie.

[42] Stawing vir die getuienis van mej. Mothibi is te vinde in die aanvanklike medeling van die appellant aan die Polisie met die afneem van sy waarskuwingsverklaring die dag na die voorval, en waar hy as volg verklaar het:

> “Die oorledene het my agtervolg in die woning van die straat af. Hy het weer gestry oor my verblyf, hy was onder die invloed. Hy het my geslaan in die gesig en ek het ‘n mes geneem en hom op die bors gesteek.”

5] Na my mening is die weergawe van die appellant tereg verwerp; ten spyte daarvan dat die Landdros bevind het dat die appellant hom *“nie as ‘n slegte getuie beïndruk het nie”*.

[51] Die appellant se verduideliking dat hy aan die Polisie ‘n foutiewe weergawe van die gebeure gegee het met sy arrestasie omdat hy *“deurmekaar”* was, is eenvoudig vergesog. Duidelik het hy tydens die verhoor homself probeer verontskuldig.

[52] Tydens die verhoor het die appellant klaarblyklik die negatiewe implikasies besef van sy bravade voor die

stry met die oorledene toe hy gesÍ het *"julle gaan 'n 'movie' sien"*, en het hy tydens die aflÍ van sy getuienis te kenne gegee dat Mothibi hom verkeerd verstaan het en dat hy eintlik verwys het na sy voorneme om te verhuis. Dat hierdie getuienis ooglopend 'n nagedagte was blyk daaruit dat dit nooit aan Mothibi gestel of gesuggereer was nie.

6] Mnr. Van Tonder betoog dat die gedrag van die appellant onmiddellik nadat die oorlende gewond was, naamlik dat hy andere versoek het om 'n ambulans te ontbied, aanduidend is van die redelik moontlike waarheid van die appellant se weergawe.

Hierdie moontlikheid word myns insiens totaal uitgeskakel deur wat reeds vermeld is in paragrawe 4 en 5 hierbo. Daarbenewens is hierdie gedrag van die appellant eweseer versoenbaar met 'n besef dat daar vir hom geen uitkoms was nie daar andere 'n ooggetuie van die gebeure en die vete tussen hom en die oorledene was. Dit moet ook nie uit die oog verloor word dat die oorledene sy oom was en in dieselfde huis as hyself gewoon het nie. Ek vind dit vervolgens nie vreemd of buitengewoon dat hy die huismense versoek het om 'n ambulans te ontbied nie.

7] Uit hoofde van die voorgaande kan die appËl nie slaag nie,

en word die volgende bevel hierin verleen:

**Die appèl word afgewys.**

____________________

1) HJ Lacock

**[2.4] REGTER**

Ek stem saam.

____________________

1) FE Mokgohloa

**[2.5] WAARNEMENDE REGTER**

**Namens appellant:** **Mnr A Van Tonder**

**Namens respondent:** **Adv W Bagananeng (Kantoor van die DOV, Kimberley)**